

So is ons verraai (12)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (3)

Die Boere-Afrikaner se verstaan van die Bybel was 'n stimulus van oorheersende belang wat 'n invloed op die beginsel van afsonderlikheid en onderskeid uitgeoefen het: die behoud van identiteit was Christelik gefundeer. Op 'n "Volkskongres oor die Rassebeleid" in 1944 het die mees senior teoloë en Afrikaanse bybelvertalers — mense soos prof. J.D. du Toit ("Totius") en dr. H.C.M. Fourie — bevestig dat die basiese benadering tot rasseverhoudinge wat reeds geslagte lank in die Boere-Afrikanervolk gevestig was, volkome in ooreenstemming met Christelikheid was: God, die Oorsprong van die verskeidenheid in die hele skepping, is ook die Skepper van die menslike rasseverskeidenheid en Hy het die mens opdrag gegee het om oor sy skepping te heers. Die rol van die mens is om na al die fasette van die skepping om te sien en dit te bewaar. Vernietiging van die Godgegewe verskeidenheid deur te vermeng wat Hy geskei het, is ongehoorsaamheid aan God en dus sonde. Verder mag 'n heiden wat tot bekering gebring is, nie deur die bekeerders geassimileer word sodat die bekeerde sy ras- en kultuurerfenis in die proses verloor nie (en noodwendig ook nie sy maatskaplike posisie nie), aangesien Paulus in 1 Korintiërs 7 sê: "Broers, elkeen moet God dien in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het". Daar moet natuurlik eenheid tussen Christene wees, maar dit beteken eenheid in Christus op 'n geestelike vlak, nie eenheid in 'n groot fisiese mengelpot nie (*Inspan, Oktober 1944; Inspan Desember 1944; Grobbelaar: 7; Sauer-verslag: 1, 3; Scriptura: 225, 230*). Die rol van die kerk in die insluiting van apartheid as deel van die NP se beleid was van so 'n aard dat dr. Malan in 1947 verklaar het: "dit was die kerk wat die leiding met apartheid geneem het" (*Scriptura: 229*). Vir baie humaniste is geen moeite te veel om die biodiversiteit van enigets, van grasspesies tot ongewerwelde kreature te beskerm en miljoene Rande en ure te bestee om die uitgesterwe kwagga ('n kleurvariasie van die sebra) terug te teel nie, maar hulle haat enige poging om die genetiese diversiteit van die mensdom as die kroon van die skepping te bewaar. Dit is inderdaad 'n onverklaarbare belaglikheid wat 'n mens se gesonde verstand te bowe gaan.

Dit was egter as 'n politieke strategie dat apartheid 'n nuutheid in 20ste eeuse Suid-Afrika was. "Suid-Afrika" was 'n skepping van Britse kolonialisme, en dit het die Boere-Afrikaner na 1910 demografies in 'n feitlik onhoudbare situasie geplaas. As daar hoegenaamd 'n toekoms vir hierdie volk moes wees, moes daar 'n politieke strategie gevolg word om etniese ontbondeling te bewerkstellig. Dit het in die eerste plek vereis dat die Afrikaner die politieke mag moes verower (waarin hulle in 1948 geslaag het). Daarna moes hulle die mag behou en demografiese ontbondelingsprogramme deurvoer om uit hierdie getalle-dilemma te ontkom.

Anders as die wit Amerikaners, Australiërs, Nieu-Seelanders, ens. wat dit bereik het deur volksmoorde te pleeg, het die NP besluit om “tuislande” vir elk van die verskillende swart etniese groepe te ontwikkel op die grond wat reeds in die wetgewing van 1913 en 1936 vir hulle gereserveer was (sien Kaart C). Die ontwikkeling van hierdie tuislande moes so ’n vlak bereik dat al (of ten minste die oorgrote meerderheid) swartes wat nog in die blanke gebied teenwoordig was, na hulle tradisionele tuislande kon terugkeer. Waar die gebied van ’n bepaalde etniese groep gefragmenteer was, moes bykomende grond deur die regering gekoop word om sodanige gebiede te konsolideer. Die sekondêre metode om etniese ontbondeling te bewerkstellig, was om swartmense in staat te stel om in hulle tuislande te woon sonder verlies van hulle werksgeleenthede in Suid-Afrika. Dit is gedoen deur nywerhede teen ’n koste van miljarde Rande in die nabyheid van die tuislande te vestig (die sogenaamde “grensnywerhede”) (*Sauer-verslag: 3, 8; Mulder & Cruywagen: 84-92*).

Die gesag in die tuislande moes uitgeoefen word deur swart regerings in die vorm van grondwetlike monargieë. Dié regerings moes saamgestel word uit demokratiese instellings in kombinasie met tradisionele leierskap. Politieke regte vir swart volke in die hele Suid-Afrika moes op hierdie wyse geakkommodeer word, aangesien die tuislande uiteindelik volkome onafhanklike state moes word (*Sauer-verslag: 13-14; Departement van Inligting: 35*).

Die etniese ontbondeling sou uiteraard ’n lang en stadige proses wees wat etlike dekades sou duur. In die tussentyd het die NP getrag om die fisiese en kulturele identiteit van nie slegs die blankes nie, maar ook van ander etniese groepe in die res van Suid-Afrika in stand te hou. Die breë bevolking van Suid-Afrika is kragtens die **Bevolkingsregistrasiewet, No. 30 van 1950** in vier hoofgroepe verdeel: blankes, Kleurlinge (mense van gemengde afkoms), Indiërs en swartmense. Die groepe was deur verskeie wette ten opsigte van woongebiede, onderwys, huwelike, ens. gesegregeer; terwyl instroming vanaf die tuislande en aangrensende swart state met maatreëls soos die “paswette” in toom gehou is.

Sentraal tot die hele strategie was die noodsaak vir ’n drastiese verhoging van swart sosio-ekonomiese ontwikkeling in die korts moontlike tyd, onderhewig aan die algemene vermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die voorstanders van apartheid het hierdie noodsaak op drie beginsels gebaseer. Eerstens het hulle geredeneer dat politieke vryheid ekonomiese onafhanklikheid voorveronderstel het. Solank as wat swartes in hulle tradisionele tuislande en elders van wit kapitaal en kennis vir hulle voortbestaan (hetsy arm of welvarend) afhanklik was, sou hulle nie geneë wees om van Blank Suid-Afrika af te skei nie. Slegs wanneer hulle sosio-ekonomies sodanig ontwikkel het dat hulle op hulle eie kon oorleef en floreer — so is geredeneer — sou hulle etniese politieke onafhanklikheid in hulle tuislande aanvaar. Onafhanklikheid van die tuislande sou op sy beurt ’n homogene blanke Suid-Afrika moontlik maak en die oorlewing van die Boere-Afrikaner verseker (*Tomlinson et al.: 106-107; 193-195*). Die tweede argument met betrekking tot die aandrang op swart

sosio-ekonomiese ontwikkeling was dat swart politieke selfstandigheid ook deur etniese bewussyn, trots en selfrespek voorafgegaan moes word. Hierdie eienskappe word egter deur aanhoudende armoede en agteruitgang in die wiede gery. Laasgenoemde toestand skep eerder ekonomiese klasbewustheid en is 'n ideale teelaarde vir onrus en revolusie — beide faktore wat negatief op die ontbondelingsproses sou inwerk. Daarenteen sou sosio-ekonomiese ontwikkelingsprogramme wat nie teenstrydig nie, maar in ooreenstemming met die swartes se aard en karakter was, die ontsporing van etniese ontbondeling voorkom (*Malan: 233; Mulder & Cruywagen: 145-146; Jonker: 211-213*). Die derde argument ten gunste van swart sosio-ekonomiese ontwikkeling was 'n morele oorweging. Die Sauer-verslag het dit alreeds duidelik gestel die NP se verwerping van assimilasië nie onderdrukking geïmpliseer het nie en dat die uitbuiting van nieblankes téén die beginsels van beskawing en die christelike basis van die Boere-Afrikaner se nasionale lewe ingedruis het. Gevolglik moes nieblankes op die pad van vooruitgang en ontwikkeling in alle sferes van die samelewing bygestaan word, dog met respekt vir en inagneming van hulle tradisies, sonder om bloot verwestering op hulle af te dwing (*Sauer-verslag: 3, 7; Scriptura: 231*). 'n Vierde rede (alhoewel dit nie oorspronklik as sodanig gesien is nie) vir die bevordering van swart sosio-ekonomiese ontwikkeling, en spesifiek onderwys en opleiding, was dat dit noodsaaklik geword het weens die toenemende eise van die geweldige uitbreiding van die ekonomie in Blank Suid-Afrika.